The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

BEELD 2016/09/02 Page: 10

AVE: 12603.95 (ZAR)

Sally Andrew wen die Nielsen-prys

AJ Opperman

Sally Andrew, wat Dinsdagaand die Nielsen-boekverkopersprys met haar debuutroman *Recipes for Love and Murder* (Umuzi) gewen het, het tydens die skryf daarvan 'n droom vol leidrade gehad.

"Ek was ongeveer halfpad met die boek. In die droom was daar die aanduiding van 'n skrywer wat met 'B' begin, wat in 'n Afrikaanse stem skryf en in die tronk was. Geen spesifieke naam nie. Toe ek met vriende daaroor praat, het ons by Herman Charles Bosman uitgekom. Ek is Engels en ek het daardie Afrikaanse stem in my boek ook nodig gehad."

In haar resensie oor *Recipes for Love and Murder*, vergelyk die resensent Deborah Steinmair haar ook met Bosman.

"Dit is die grootste eer. Ek lees hom herhaaldelik. Ek voel hy het die regte ritme. Ek vind dit fassinerend dat hy in Engels oor Afrikaners skryf en 'n Afrikaanse stem vind. Daar die digterlike skoonheid en die Afrikaanse kleindorpie-goed."

Ander skrywers wat saam met Andrew op die kortlys was, is Paige Nick (*Death by Carbs*), Deon Meyer (*Ikarus*), Irma Joubert (*Immer Wes*), Zakes Mda (*Little Suns*) en Panashe Chigumadzi (*Sweet Medicine*).

Meyer het dié prys in 2012 ontvang en Mda het in 2001 en 2003 ook die kortlys gehaal.

Andrew het al van hierdie skrywers se werk gelees en is dankbaar om saam met hulle die kortlys te kon haal.

Die wenner van die prys word bepaal deur die onderskeie boekverkopers wat hul eerste, tweede en derde keuses benoem vir die boeke wat hulle die meeste geniet het, bemark of verkoop het.

Boeke wat vir die prys in aanmerking kom, moes tussen 1 Januarie en 31 Desember 2015 verskyn het en outeurs en illustreerders moet Suid-Afrikaanse burgers wees.

"Dit is 'n fantastiese toekenning," sê Andrew. "Ek vind dit wonderlik dat die boekverkopers, wat boeke goed ken en lief is daarvoor, ook van my boek gehou het. Dít is 'n eer.

Haar tweede boek, *The Satanic Mechanic*, verskyn in Oktober.

Haar karakter Tannie Maria maak weer 'n verskyning hierin.

"Sy is 'n unieke en plat op die aarde karakter. Sy het 'n sin vir humor, maar kan 'n storie met deernis vertel. Hopelik sal sy in lesers se gedagtes bly. Ek wou 'n karakter skep wat eg voel, dat mense kan sê 'maar dit is net soos my tannie Maria', dat daar resonansie kan plaasvind."

Ongeveer 150 benoemings is vir die prys ontvang.

"Ek dink ek ervaar nou die kombinasie van opwinding oor die prys, maar ook die gevoel van in staat wees 'n om boek te deel waarvan mense hou," sê Andrew.